Ps. 33: 1, 2
Ps. 25: 4, 6
Ges. 15: 4

**CHRISTUS BO ALLES EN ALMAL.**
**(1 Kor. 2:1-16).**

Avk. 27 Mei 1962.

1 Kor. 2:2 - want ek het my voorgeneem om niks anders onder julle te weet nie as Jesus Christus, en Hom as gekruisigde.

Daar is veral twee redes waarom ek vanoggend hierdie teks kies: a.d. gemeente bring:
(1) 'n Algemene rede gekoppel aan die gebeure in ons Afrikaans-kerklike lewe van die afgelope twee jaar waarin ek ook betrokke geraak het en waar ek myself keer op keer moes vergewis van die ~~tait~~ vraag of ek bereid was om niks anders onder u te weet as Jesus Christus en Hom as gekruisigde nie.
(2) Maar daar is ook 'n besondere rede waarom ek juis in hierdie tyd hierdie boodskap bring. Vir 'n geruime tyd word daar in kerklike kringe ~~vermoed~~ die gedagte gekoester dat sommige van ons predikante, waaronder ek ook ingesluit word, besig is om half bedektelik opvattinge i.v.m. ons rasseverhoudinge te huldig en te propageer wat ons uit vrees (in ons prediking) ~~vir~~ vir ons gemeentes verswyg. Deur sommige persone word ook verdere die indruk geskep dat hierdie oortuiginge 'n eensydige, ja, miskien 'n valse vertolking van die Evangelie inhou omdat daar ander motiewe by ons ~~bestaan~~ daarnaas is as die een groot doel om Jesus Christus te verkondig - en Hom as die Gekruisigde.

By meer as een geleentheid is u as Kerkraads- en gemeentelede ~~van kanselvolk~~ in verleentheid gebring deur mense wat van u wou weet presies wat u predikant oor hierdie dinge dink en ~~preek~~ waar hy staan en is daar twyfel in u harte gesaai wat sommige van u die vrymoedigheid om met hom openhartig oor die dinge te praat, ontneem het. U sou opgelet het dat sedert die Sinode verlede jaar ek met opset baie min oor hierdie dinge gesê het of in my preke d/na verwys het. Hierdie stilswye is deur sommige



verkeerdelik ~~ge-interpreteer~~ vertolk asof ek nie die moed het om openhartig en eerlik daardie oortuiginge in die openbaar uit te spreek nie en omdat ek sodanige oortuiginge nie Bybels kon verantwoord nie.

Ek glo, br. en st., dat sonder openheid en spontaniteit, wat alleen ~~gegrond~~ kan ~~wees op eerlikheid~~ bestaan waar daar eerlikheid is, daar geen ware geestelike gemeenskap moontlik is tussen Christen en Christen - en dit geld in 'n besonder mate vir die verhouding tussen 'n leraar en sy gemeente. 'n Gemeente is geregtig om te weet presies hoe sy leraar die vraagstukke van die dag sien in die lig van Gods Woord en netso is 'n Evangeliedienaar dit verskuldig aan God en sy gemeente om die gemeente nie in die duister te hou nie maar openlik en eerlik, ongeag die gevolge, sy diepste Christelike oortuiginge duidelik en volledig uit te spreek as hy glo dat dit die waarheid is. Veral is dit die geval as my stilswye by u verleentheid en verwarring bring en allerlei gissinge laat ontstaan wat met die Evangelie niks te make het nie en wat die saak v.d. Here skade berokken.

Daarom, omdat ek nie wil hê dat daar by enigeen van u enige onduidelikheid moet wees oor die woord van God wat ek aan u verkondig nie, en omdat ek glo dat ons ~~as~~ Evangeliedienaars en as gelowiges in die nabye toekoms gedwing gaan word om ons Bybelse oortuiginge helder en duidelik te moet uitspreek, daarom wil ek graag vanmôre die volgende Bybelse oortuiginge voor u stel, ook met die oog op oortuiginge wat ek in die toekoms in gesprek of geskrif mag uitspreek, of standpunte wat ek op grond van Gods Woord sal inneem: Deur dit soos Paulus in ned aan Korinthe —

(1) DIE WOORD VAN GOD: Ek glo dat die Bybel die enige ware Woord van God is, aan die mens gegee as rigsnoer vir leer en lewe, en dat die mens vanuit hierdie Woord die nodige lig van God ontvang vir al sy vrae en probleme. Die gesag van hierdie Woord moet deur elke gelowige aanvaar en gehoorsaam word as die gesag wat bo alle menslike oordeel of gesag uitgaan. ~~Wie dit nie wil doen nie~~ Die gelowige wat hom nie hieraan onderwerp nie, is ..., is ongehoorsaam aan die God wat Hy bely.

(2) JESUS CHRISTUS: Ek glo, op grond van Gods Woord, dat Christus die ewige en enige Seun van God is, die vleesgeworde Woord wat onder ons kom woon het, en dat Hy die enige Weg en Waarheid en Lewe is. Daarom is elke ware volgeling van Jesus Christus die hoogste lojaliteit aan Hom verskuldig en gaan hierdie lojaliteit uit bo elke ander lojaliteit (en enige) wat ons mag koester: die vir huisgenote, land, volk of wêreld. Daardeur word ons verantwoordelikhede nie aangetas of verswak of verbied nie, maar word dit sy regmatige en betreklike plek toegeken.

(3) DIE KERK VAN CHRISTUS: Ek glo, op grond van Gods Woord, dat Christus ~~vir Hom~~ uit die ganse menslike geslag die uitverkorenes tot die ewige lewe vir Hom vergader tot 'n gemeente wat in waarheid, eenheid en liefde saamverbind moet wees en dat dit daarom in stryd is met die wese van die Kerk van Christus om iemand die lidmaatskap van 'n kerk te ontsê of te verbied op grond van ras of stand of kleur. Daarmee wil ons vir geen oomblik beweer dat die Kerk alleen dan kerk is wanneer lidmate van verskillende rasse of kleure saam aanbid nie;- trouens - die Woord van God gee die reg en die geskiedenis het dit keer op keer bewys dat God die ryke verskeidenheid wil waarin saamhorende rasse- en kultuurgroepe spontaan en vrywillig hulle eie kerklike gemeenskap vorm. Maar die gedwonge geskeidenheid van "wetlike verbod" is in stryd met die Woord van God.



(4) NAGMAAL: Ek glo, op grond van die wese van die Nagmaal soos deur Christus self uiteengesit en soos weergegee in ons Nagmaalsformulier, dat geen mede-Christen van 'n ander volk of stand of ras of kleur wat saam met my dieselfde Here as Verlosser bely het en dieselfde belydenis onderskryf het, van die tafel van die Here geweer of geweier mag word nie. Dit wil nie sê dat die Nagmaal noodwendig meer geseënd is alleen dan wanneer ~~persone~~ gelowiges van verskillende ras of kleur dit saam geniet nie. Maar wat Christus ons duidelik en onmiskenbaar gebied is om in die Nagmaal uitdrukking te gee aan die Eenheid van sy Liggaam deur ons gewilligheid en verlange om saam met mede-gelowiges wat dit ~~verlang~~ opreg begeer die Nagmaal te vier.

(5) NAASTELIEFDE: Ek glo, op grond van Christus se Woord, dat elke mens gebied word om sy naaste lief te hê soos homself en dat hierdie naaste elke mens is wat in behoefte of nood verkeer, afgesien van sy ras of stand of kleur. Die eerlike uitlewing van hierdie naasteliefde vereis dat ek aan elke ander mens die regte en geleenthede gun wat ek vir myself en my groep opeis. Waar ek dit teëstaan of verwerp, verwerp ek die gebod van die naasteliefde.

(6) GEREGTIGHEID EN SELFBEHOUD: Ek glo, in die lig van Gods Woord, dat waarheid en geregtigheid die kerk vernuwe en die volk verhef en dat die voortbestaan van 'n volk of beskawing of gemeenskap alleen dan deur God verseker en beloof word waar waarheid gesoek en geregtigheid beoefen word in ooreenstemming met die Woord en die wil van God.

Alle wetgewing, dus, wat die beoefening van hierdie naasteliefde of geregtigheid tussen mens en mens verhinder of bemoeilik is teen die wese en die wil van God; dit vernietig wat dit soek om te behou en dit bring skeiding

en verwydering wat die voortplanting van die Evangelie ernstig bemoeilik. Maar waar 'n volk in geloof op God geregtigheid beoefen

(7) PROFETIESE ROEPING VAN DIE KERK: Ek glo, op grond van Gods Woord, dat die kerk die reg en plig het om oral en altyd aan owerheid en onderdaan sy profetiese getuienis te laat hoor. Hierdie profetiese getuienis raak alle sake waar die waarhede van naasteliefde, geregtigheid en barmhartigheid soos uitgedruk in die Skrif, geraak word. En waar die kerk hierdie getuienis in opregtheid en ootmoed lewer mag dit nie as oorskryding van sy goddelike reg of as politieke agitasie gesien of bestempel word nie. Hierdie getuienis moet afsonderlik sowel as gesamentlik, deur lidmate sowel as deur die kerk as liggaam, uitgespreek word. En waar die kerk, uit nalatigheid of onkunde of vrees, swyg, daar staan hy skuldig voor God aan ernstige versuim – 'n versuim wat uiteindelik kerk en samelewing tot ondergang sal voer.

As daar langer tyd was, geliefdes, sou ek nog graag 'n aantal stellinge bygevoeg het – maar voorlopig genoeg. Laat my nou dadelik en duidelik sê: As ek hierdie waarhede bely is dit geensins as politieke beskouinge nie, maar as diep Christelike oortuiginge wat in my gegroei het oor 'n tydperk van jare op grond van 'n ernstige studie van Gods Woord. En dan sê ek nie hierdie dinge om die ons Regering in verleentheid te bring, om enige groep te intimideer of om u met allerlei menslike beskouinge te indoktrineer nie. Ek sê dit ook nie om die vyande van ons volk te ondersteun nie: nee! Daar is by my net een drang, een motief, een doel: Om niks anders onder u te weet as Jesus Christus, en Hom as gekruisigde nie. Glo u dit?



So het ek na u gekom, so wil ek hê dat u my bediening en arbeid onder u moet sien: as iemand wat met al sy menslike swakheid en sonde saam met u en vir u wil worstel om (baiekeer teen eie sin en wil in) die Woord van God aan u te kom bring as die Woord van waarheid – kos wat dit wil.

Moet asseblief nie dink dat ek daarmee wil voorgee dat wat ek hierbo bely het die volle waarheid is of selfs die enigste waarheid nie – wie durf ooit so iets beweer? Ek besef ook baie goed dat die gedwonge kort stellinge van omstrede waarhede maklik kan lei tot misverstand. Dis daarom dat ek reeds vroeër dit aangebied en nou weer herhaal: dat ek graag 'n reeks boodskappe of lesings oor die sake sal wil voorberei en aanbied mits dit duidelik verstaan word dat ek dit doen as gesant van Christus wat niks anders aan u wil bring as die waarheid van sy heerlike en goddelike Woord nie!

Daar is vandag ernstige verskil van mening in ons kerk oor hierdie vraagstukke – dit help nie om dit te verberg nie. Inteendeel: ek glo dat ons eers dan die saak gaan aanhelp as ons die verskille openlik aanvaar en saam gaan begin om die waarheid in Gods Woord te soek. Ek aanvaar die goeie trou van elke Evangeliedienaar wat in opregtheid die waarheid verkondig soos hy dit sien, al sou hy presies die teenoorgestelde dink as ek. Maar dan moet die goeie trou en eerlike bedoelinge van die steeds groeiende getal Evangeliedienaars in die kerk aanvaar word wat oortuiginge huldig en uitspreek wat die meerderheid van die lidmate vandag nog nie onderskryf nie. En dan moet sulke manne wat in diepe opregtheid voor God na die waarheid soek, nie as

liberaliste of humaniste of negrofiliste bestempel en veroordeel en afgeskryf word nie. Dan die ⊗

In hierdie dae van baie verwarring weet ek dat u in die stilte van u harte net so eerlik soek na die waarheid soos ek. Daarvoor is ek innig dankbaar - en ook vir die feit dat hoewel baie van u van my verskil u die opregtheid van my bedoeling aanvaar het. Maar vir ons as Christene is daar net een plek waar ons die volle en helder lig kan vind: in die Woord van God. Ek verlang met my hele hart dat ek dit saam met u sal soek, maar as gesant van God verwag ek ook dat u meer erns sal maak om dit saam met my te soek. Want ook op hierdie gebied, soos op elke ander terrein van my lewe en diens, staan ek onder u met die een drang waarmee God my na u gestuur het:

"Want ek het my voorgeneem om niks anders onder julle te weet as Jesus Christus, en Hom as gekruisigde".

Amen.

Dan ⊗ Hd. terminologie is die spreektaal v.d. partypolitiek en nie die Skriftaal van die Kerk.